# Ruach Bediening Nuusbrief

Julie 2023

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief



1. Gedagte vir die maand ....... 1
2. Gebedsterapie sessies in Julie 2023 ....... 2
3. Getuienisse ....... 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ....... 3
   a. Mag ek dit elke dag onthou ....... 3
   b. My beloftes aan myself ....... 4
   c. Elke knie sal buig ....... 5
   d. Lewenswaarheid ....... 6
   e. Hy los die ligte aan ....... 6
   f. Verklaar dit oor jouself ....... 7
5. So terloops ....... 7
6. Beplanning vir volgende maande ....... 8
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ....... 9
8. Afsluitings Gebed ....... 9


## 1. Gedagte vir die maand






**Psalm 119:105**
**U Woord is**
**'n lamp vir my voet en**
**'n lig vir my pad.**



## 2. Gebedsterapie sessies in Julie 2023



| | |
|---|---|
| 77 | Gebedsterapie sessies in **Centurion** |
| 3 | Gebedsterapie sessies per **Telefoon** |
| 17 | Gebedsterapie sessies per **Video Call** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Zoom** |
| 9 | Gebedsterapie sessies in **Delmas** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Middelburg** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Nylstroom** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Fochville** |
| 1 | Gebedsterapie sessies per **Video call na Oorsese lande** |
| 107 | **Totale gebedsterapie sessies vir die maand** |

## 3. Getuienisse

**<u>Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening</u>:**

**<u>Getuienis 1</u>:** Baie dankie vir jul gebede, ook vir my as 'n nietige mens! My glas loop oor! Ek staan in verwondering oor die krag van gebed na ons Hemelse Vader!

**<u>Getuienis 2</u>:** Prys die Here Vir Jul getroue bediening...
Wou net laat weet dat met ons laaste video call het Sarel vir my rug gebid en nog Nie weer pyn beleef Nie.

**<u>Getuienis 3</u>:** Baie dankie Sarel vir jou gebed Dinsdag. Die vrees is weg! Baie blessings.

**<u>Getuienis 4</u>:** Ek ervaar so baie oorwinning geestelik. Dankie vir julle pragtige werk en liefde.

**<u>Getuienis 5</u>:** Ons het vir die seun gebid. Kyk die getuienis wat ingekom het – "My seun was in ICU. Hul het gedink hy gaan dit nie maak nie. Ek kan nie praat sonder om te begin huil nie. My seun gaan ok wees. My ander seun was vanoggend 6 uur by die hospitaal en nou weer 3 uur met besoek tyd. Die Here het vir ons n wonderwerk gedoen."

**<u>Getuienis 6</u>:** Die Pa van die seun het ons gekontak vanaf Australia en ons het 'n whats up video call gedoen. Die seun is nege weke al siek en die Dokters kan nie uitvind wat is fout nie. Kyk na sy boodskap toe ons vra hoe gaan dit - "HI Sarel, He is a little better, but God has provided money to take him to Cyprus, in an amazing way, in fact, just after our chat with you, we got all the money we needed for flights. I think God has a real appointment for my son and us there, please pray we will follow the spirit and respond in obediance."

**<u>Getuienis 7</u>:** Die vrou se pinkie het gebreek in 'n ongeluk. Sy kom so met haar hand by my aan. Ek vat haar hand en bid vir 'n herskeppings wonderwerk. Die volgende oomblik is haar hand genees en sy bars uit in trane en skree "die pyn is weg, my hand is genees. DANKIE JESUS!!!"

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Mag ek dit elke dag onthou ...

- Moenie op mekaar skreeu wanneer julle verskil nie. Dit doen skade aan julle verhouding. (Spreuke 15:1)
- Moenie kwaad praat van mekaar by ander nie. Jou woorde het krag. (Gen. 2:19)
- Deel nie mekaar se intimiteit met ander nie. Dis owerspel. (Matt. 5:28)
- Vergelyk nie jou maat met ander nie. Jou maat was en is jou keuse. (2 Kor. 10:12)
- Weerhou nie intimiteit van mekaar nie. Jul liggame behoort aan mekaar. (1 Kor. 7:5)
- Wees sag en liefdevol. Julle het albei immers jul lewens vir mekaar opgeoffer. Dit maak seer wanneer julle ongeskik en onbeskof teenoor mekaar is omdat julle geirriteerd is. Wees sag. (Efe. 4:2)
- Gee nie plek vir geheime nie. Julle is een. Geheime veroorsaak verdeeltheid. (Gen. 2:25)
- Negatiewe kommentaar teenoor mekaar is afbrekend en doen skade aan jul verhouding sekuriteit. Julle wil veilig voel bymekaar en mekaar bou.
- Jou maat se liggaamsbou bepaal nie hul waarde nie. Waardeer en bemin mekaar tot jul oud is. (Efe. 5:29)
- Behandel mekaar met respek voor ander en ook wanneer jul alleen is. Hanteer verskille met liefde en oop kommunikasie wanneer julle privaat is, nie voor ander en nie voor kinders nie. (Matt. 1:19)
- Sê gereeld vir mekaar julle waardeer mekaar en respekteer mekaar en dat julle mekaar se moeite en opofferings waardeer. (1 Tes 5:18)
- Maak saam kos sonder kritiek en geniet die samesyn in die kombuis of wys waardeering vir mekaar se kookkuns. (Spr. 31:14)
- Stel nie die kinders se belange voor mekaar nie. Julle het mekaar eerste immers lief. Stel ook nie die familie eerste nie. (Gen. 2:24)
- Belé in mekaar se geestelike groei deur geestelike leestof aan te skaf en bid vir mekaar. Jou en jou maat se verhouding met God is baie belangrik. (Efe. 5:26)
- Spandeer kwaliteit tyd bymekaar en laat mekaar belangrik voel. (Jak. 5:16)
- Maak tyd om met mekaar te speel en te lag. Die lewe het genoeg stres en dinge. Julle skryf die verhaal van mooi in jul lewens en julle is daar om mekaar gelukkig te hou. Doen dit terwyl julle kan. (Pred. 9:9)

- Moenie dat geld julle vreugde bepaal nie. Maak seker dat dit nie n wapen teen mekaar is nie en onthou jul albei verdien die inkomste al is net een op n payroll. (1 Pet 3:7)
- Moenie mekaar se swakhede blootstel nie maar bedek dit eerder, jy kan jou eie swakheid so bloodstel en jouself sleg laat lyk. Beskerm mekaar, dit sal jou waarde verhoog. (Efe. 5:30)
- Eer mekaar se ouers en reik uit na die kinders. (Hoogl 8:2)
- Moet nooit nalaat om haar te vertel dat jy haar liefhet nie. Sy wil dit altyd hoor. (Efes 5:25)
- Groei in jou Christenskap, dis die eenigste manier hoe jy n goeie en Goddelike man en vrou kan wees. (Rom. 8:29)

*(Erkenning Neels van Biljon)*



## b. My beloftes aan myself

'n Rukkie gelede het ek plegtig belowe dat ek gaan ophou om met teksboodskappe en e-posse behep te wees. Ek het besluit dat elke keer as ek die pieng-geluid hoor ek nie die dringendheid sal voel om dadelik te gaan kyk nie. Wanneer ek wel gaan kyk, sal ek nie oor en oor lees wat die ander persoon geskryf het nie. Dan sal ek ook nie my antwoord oor en oor herskryf nie. My digitale voorneme het eerlikwaar net gehou ... wel, ek dink nie ek het ooit opgehou om met teksboodskappe en e-posse behep te wees nie. Nie alleen het ek my belofte gebreek nie; dit het glad nie begin nie!

Die moeilikheid met hoe ons ons probleme aanpak, is dat ons die probleem self takel. Ons fokus geheel en al op die gedrag deur onsself te verbind om te begin of om op te hou om iets te doen.

Jy het dit seker ook al gedoen, nie waar nie? Miskien het jy besluit, dalk selfs verklaar dat jy gaan verander.

Hierdie jaar gaan ek gesond eet en elke dag oefeninge doen!
Ek gaan nie langer met enigiemand uitgaan wat gemeen met my is nie. Om die waarheid te sê, ek sal glad meer op afsprake gaan nie!
Ek is moeg daarvan om my tyd op sosiale media te mors deur my lewe met dié van ander te vergelyk. Ek klim hierdie keer permanent uit!
Dis dit! Dis die laaste keer. Ek sal nooit weer na pornografie kyk nie!
Ek gaan nie vergroot of jok of skinder om aandag te trek of om beter oor myself te voel nie. Nie meer nie!
Hierdie hele jaar gaan ek elke oggend die Bybel lees!
Wat ook al jou voorneme was, hoe het dit gegaan?

Ek gaan raai, nie goed nie. Hoekom? Gedragsverandering werk nie, want dit fokus slegs op verandering van die gedrag. Jy kom nie by die wortel van die probleem uit nie, want dis die gedagte wat die gedrag inisieer. Om meer presies te wees, die probleem is die senuweebaan wat lei tot die optrede.

Kom ons sê jy haat die ou lelike boom op jou erf. Jy wil hê dit moet verdwyn. Einde ten laaste besluit jy dat die tyd aangebreek het om die probleem te takel. Dus loop jy die erf binne met 'n klein handsagie. Jy kies 'n lelike tak en sny dit van die boom af. Jy glimlag en loop terug, die huis binne, triomfantelik sing jy 'n mengelmoes van "All I do is win" en "Another One Bites the Dust." Die

volgende dag is jy geskok om te sien die boom staan steeds sterk. Terwyl jy by die venster uitkyk, verbeel jy jou dat dit vir jou grynslag.

Ek weet. Die vergelyking is absurd. Jy sal nooit probeer om 'n boom dood te maak deur net een tak af te saag nie. Want, dis ooglopend dat die tak nie die probleem is nie. Die boom is die probleem. Om die waarheid te sê, die boom se wortelstelsel is die hoofoorsaak. As jy nie die wortelstelsel verwyder wanneer jy die boom afkap nie, kan dit maar net weer begin groei.

Nou goed, as ons besluit, ek gaan ophou om op my kinders te skreeu of ek gaan ophou om myself te isoleer en om 'n eensame lewe te lei of ek gaan elke dag oefeninge doen, is ek net besig om 'n tak af te saag. Ons ignoreer die werklike probleem van die leuen wat ons glo en die geestelike groef waarin ons val. Ons beveg slegs simptome, nie die oorsaak nie.

Deur te dink dat ek 'n sekere gedrag kan verander deur slegs die gedrag te verwyder, is absurd. Die gedrag is nie die hoofoorsaak nie. Die senuweebaan wat my lei tot die optrede, is die probleem. As ek die optrede stop, sal dit maar net weer terugkom, behalwe as ek die leuen aan die wortel van die gedrag verwyder, en die senuweebaan vervang wat my tot die optrede lei. Waar gaan ons hierdie nuwe gedagtes kry? Wenk: ons sal hulle nie kry deur deur sosiale media kommentare te blaai nie, deur na ons gunsteling musiek te luister nie, of om 'n vriend vir sy opinie te skakel nie.

Om die leuens te stop en hulle met waarheid te vervang, moet ons in God se Woord gaan kyk.

Dis wat Jesus gedoen het. Toe Satan Hom versoek het, kon Jesus nie sy iPhone uitpluk en die YouVersion Bybeltoep oopmaak om 'n vers te soek wat mag help nie. Hy het reeds waarhede van God se Woord in Hom gehad wat 'n nuttige senuweebaan geskep het. Toe Hy versoek is, het Jesus daardie pad gevolg wat Hom na gehoorsaamheid en vryheid gelei het. Dis wat ons moet doen.

*(Met erkenning - Bettie Venter)*

## c. Elke knie sal buig



## d. Lewenswaarheid

Twee vriende was deur n woestyn onderweg toe hulle in n argument betrokke raak. Een het so meegevoer geraak dat hy in sy woede sy vriend deur die gesig geslaan het.

Die een wat geslaan is, buk toe af en skryf in die sand: Vandag het my vriend my geklap.

Nadat hulle 'n hele ent verder gestap het, kom hulle by 'n oase. Toe hulle in die water gaan om af te koel, blyk dit 'n moeras te wees.

Die een wat vroeër die hou deur die gesig gekry het, het in die modder vasgeval en sou verdrink het as sy metgesel, wie se woede nou heeltemal gesak het, hom nie uit die water getrek het nie.

Nadat hy herstel het van die skok, staan hy op en kerf met sy mes op 'n klip die woorde uit: Vandag het my vriend my lewe gered.

Die man wat sy vriend in woede geslaan het maar hom tog later uit die moeras gered het, sê toe verbaas: "Toe ek jou geslaan het, het jy dit in die woestynstof geskryf, maar nou teken jy dit op in graniet. Hoekom?"

Die vriend se antwoord was: "As iemand jou seermaak, skryf dit in stof, sodat die wind van vergifnis en vergetelheid dit kan toewaai.

Wanneer iemand aan jou goed doen, kerf dit uit in klip, waar geen wind dit weer kan uitwis nie."

*Ans Coetzee*

## e. Hy los die ligte aan

**Goeie Nuus**

# Hy los die ligte aan

"Ons los die ligte aan vir jou." Dit was 'n normale opmerking in my ouerhuis. My pa en ma het dit vir my gesê as ek in die aand uitgegaan het.

Later het ek en my vrou dit spontaan vir ons kinders gesê en dit ook gedoen. Sy sê dit nou nog vir my as ek in die aand iewers moet gaan praat. Juis toe ek nou die aand tuis kom en die voordeur se lig sien brand, tref die waarde van hierdie doodgewone woorde my opnuut: "Ek los die ligte aan vir jou."

In een sin sê dit alles waaroor liefde en deernis vir mekaar gaan. Toe dink ek by myself dit is wat die Here ook doen vir ons. Hy het die ligte lankal aangeskakel. Hy laat nie een van sy kinders in die donker verdwaal nie. Hy sal dit aanlos totdat ons eendag veilig tuis kom daar by Hom. Ons sal nooit voor dooiemansdeur opdaag nie. Ons is op pad huis toe. Die Here los altyd die ligte vir ons aan. – **Stephan Joubert**

## f. Verklaar dit oor jouself




## 5. So terloops ....




**An old tired-looking dog**

An old tired-looking dog wanders into a guy's yard. He examines the dog's collar and feels his well-fed belly and knows the dog has a home.
The dog follows him into the house, goes down the hall, jumps on the couch, gets comfortable and falls asleep. The man thinks its rather odd, but lets him sleep. After about an hour the dog wakes up, walks to the door and the guy lets him out. The dog wags his tale and leaves.
The next day the dog comes back and scratches at the door. The guy opens the door, the dog comes in, goes down the hall, jumps on the couch, gets comfortable and falls asleep again. The

man lets him sleep. After about an hour the dog wakes up, walks to the door and the guy lets him out. The dog wags his tale and leaves.
This goes on for days. The guy grows really curious, so he pins a note on the dog's collar: "Your dog has been taking a nap at my house every day."
The next day the dog arrives with another note pinned to his collar: "He lives in a home with four children -- he's trying to catch up on his sleep. Can I come with him tomorrow?'

Die ou, met die baadjie, wat gekom het vir berading…






## 6. *Beplanning vir volgende maande*

**DELMAS**

**MAANDAE** is ek in Delmas.
Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487**

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | FOCHVILLE |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Petro Gerber ✆ 076 577 6296** |
| **2023** | **2023** | **2023** |
| 4 & 5 Augustus 2023 | 7 & 8 Augustus 2023 | Geen |
| 1 & 2 September 2023 | 4 & 5 September 2023 | 21 September 2023 |
| 6 & 7 Oktober 2023 | 9 Oktober 2023 | 26 Oktober 2023 |
| 3 & 4 November 2023 | 6 & 7 November 2023 | 23 November 2023 |
| 1 & 2 Desember 2023 | 4 Desember 2023 | Geen |

## 7. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881

## 8. Afsluitings Gebed

VADER, ek dank U, dat U 'n regverdige GOD is, waarin die volheid van geregtigheid woon.

Ja VADER, U is oral alomteenwoordig en U het gesprekke en besprekings gehoor agter my rug wat ek nie gehoor het nie - ek dank U, VADER, U ken die volle som van die waarheid, so ook is U bewus van elke leuen en kwaadspreek.

En VADER, U gee aan ons duidelik te kenne in U Woord, dat U haat 'n leuenagtige tong, so ook haat U dit wanneer mense as valse getuie loop en leuens uitstrooi.
Ook soos Dawid, VADER, kom bely ek dat ek op U alleen vertrou, laat my tog nie beskaamd staan nie, o HERE, laat my vyande oor my nie juig nie - want in U Hande gee ek al my vyande oor, ja VADER, die volle som van al my vyande plaas ek in U Hand van geregtigheid.

Ek sal stil wees, VADER, ek sal swyg - sodat U vir my sal stry - bewaar my, VADER, en hou my op die spoor van U geregtigheid, om U Naam ontwil.

VADER, laat my volle lewenswandel U sal behaag, ja VADER, want U wil soek ek die hele dag, veel eerder as mense se wil of guns.

VADER, ek soek om U te eer, veel eerder as om mense se guns te wen - hulle wat skuins op my afloer, VADER, soos U hulle by hul name ken, gee ek hulle in U VADERHAND oor.

Dankie VADER, vir U beloftes in U Woord, U beloon elkeen soos wat hul eie werke is - dankie VADER, U is 'n GOD van geregtigheid, waarin die volle som van regverdigheid woon - en U haat 'n valse weegskaal, 'n onewe gewig is in U oë 'n gruwel - dankie VADER.

In JESUS HEILGE Naam. AMEN

Baie seëninge vir julle almal – Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee